Sekretaresse: Liezel Grobler 051 410 0958 • dormer@studbook.co.za • Faks 086 218 8246

DORMER NUUS

DESEMBER 2011

Ideale vleisras | Eg Suid-Afrikaans
Sedert 1940

Op 1 September 2011 is die Nasionale Dormer veiling te Bloemfontein aangebied. Top diere het onder die hammer gekom met 'n verkoopspersentasie van 100% vir die ooie en 91% vir die ramme. Die omset van die veiling het R1.310 000 beloop.

Duurste ram R100 000, *vlnr. Willie Meyer (CMW Elite), Dirkie en Alet van Zyl (verkopers), S Lamprecht (koper)van Rooihek Dormers, Amesfoort; Frans Hugo (CMW keurder)*

NASIONALE DORMER VEILING

CMW ELITE

Aangebied deur CMW-Elite
Afslaer • Alan Sinclair

Duurste ooi R20 500, *vlnr. Koper Waters Familie Trust, Sylvester(CMW Elite die vashouer) en Erika Hanekom(verkoper)*

GEMIDDELDE PRYSE

RAMME
R14 903.85

OOP OOIE
R6 685.48

DRAGTIGE OOIE
R8 854.17

OOI & LAM
R9 604.17

WENNERS VAN TROFEES BY DIE NASIONALE VEILING 2011

BESTE GROEP RAMME
Kobus Beyers

BESTE GROEP OOIE
Dirk van Zyl

CHARL VAN ROOYEN WISSELTROFEE
Dolf Bam

Baie Geluk!

Mnr. Dolf Bam (links), 'n stoetteler van Amersfoort, wat die Dormertelersvereniging van Suid-Afrika se wisseltrofee as die jaar se beste bemarker van die ras van mnr. Charl van Rooyen op die afgelope Algemene Jaarvergadering in Bloemfontein ontvang het.

"Success is simple ...

Do what's right,
the right way,
at the right time."

ARNOLD H. GLASGOW

DAGFOOI VAN INSPEKSIES

Die dagfooi word verhoog na R500-00 en R2-50/km

Besluite wat tydens die AJV geneem is ...

- Die AJV keur die stigting van 'n tegniese komitee goed en die volgende lede is verkies: Dr. Japie van der Westhuizen, Dolf Bam , Willie du Plessis, Herman Labuschagne, Dr. Buks Olivier en Johan Swart.
- Die Genootskap distansieer hom van vloerprys by veilings
- Daar is besluit dat daar nie 'n appélkomitee by veilings sal wees nie
- Daar word aanbeveel dat alle ramme wat op 'n veiling aangebied word, vergesel word deur 'n vrugbaarheidssertifikaat
- Teelwaardes op Logix word oopgestel vir al die ramme wat gebruik word in telings, asook jong ramme in die ras
- Hersiene Rasstandaarde is in werking vanaf 31 Augustus 2011

Onthou!

- **'n Kursus word beplan vir 14 en 15 Maart 2012 –** die venue sal later deurgegee word. Die kursus leiers is Cobus Church en Charl van Rooyen. Johan Barnard en Dr Chris Nel is die hulp aanbieders.
- **Onthou om u speen en naspeen gewigte betyds in te stuur**
- **Hou u stelsel op datum** en kanselleer diere wat nie meer in u besit is nie, die Genootskap betaal vir hierdie diere
- **Maak seker dat u inspeksielyste reg is** om die keuringsproses so maklik moontlik vir die keurder te maak

TARIEWE VAN JOERNAAL ADVERTENSIES

- R4000-00 per volblad
- R3000-00 per halfblad
- Buite agterblad – hoogste tender sal aanvaar word *(stuur die bewys van betaling saam – indien u nie die buite agterblad kry nie sal die gelde terug betaal word aan u)*
- Om die joernaal met **Nampo** gereed te hê, moet advertensies **teen 28 Februarie 2012 bespreek wees**
- Om 'n advertensie te bespreek behels die volgende: alle advertensiemateriaal *(insl fotos)* moet asb aan **Andreas Viljoen** gestuur word by: **andreas@andreasviljoen.co.za**, jou betaling per tjek of **bewys** van internet **betaling** *(advertensie MOET vooruit betaal word)* **moet die kantoor teen 28 Februarie 2012 bereik (dormer@studbook.co.za).**
- **Geen laat advertensies** sal aanvaar word nie.
- **Ons doen 'n beroep op telers** om ook artikels, gebeurtenisse, fotos etc ivm Dormers **na die kantoor te stuur vir moontlike plasing.**

BELANGRIKE DATUMS

- Kinko Dormers – **26/01/2012**
  PRODUKSIEVEILING
  100 ramme en 100 stoet ooie
- AS Jordaan – **02/02/2012**
  PRODUKSIEVEILING
  ramme en ooie
- Dormehl Dormers
  7DE PRODUKSIEVEILING
  aanbod *50 ramme en 500 kommersiële ooie* op **9 Febr 2012** te Barkly Oos. Kontak Tippy Dormehl by 082 771 8949
- **15de Februarie 2012** V5 Dormers "PERFORMANCE DRIVEN AUCTION" op die Plaas Doornpoort Welkom distrik. Tyd: 11h00
- Dorwald Dormers
  3DE PRODUKSIEVEILING
  6 Maart 2012
- DORMER BEOORDELAARS KURSUS. **14 & 15 Maart 2012**
- BLOEM SKOU
  26 April 2012 – 5 Mei 2012
- NAMPO - **15 – 18 Mei 2012**
  Besoek asb die Dormer uitstalling by Nampo!
- Kinko Dormers – **25/07/2012**
  PRODUKSIEVEILING
  100 ramme en 100 stoet ooie
- Aan-De-Vallei & BB Agri Dormers
  15 Augustus 2012
  PRODUKSIEVEILING
- DORMER NASIONALE VEILING. **6 September 2012**
- Cobus Church - **11 September 2012** - ROUXVILLE VEILING
- Eversar en Johanri
  DORMER PRODUKSIEVEILING
  11 September 2012
- MEGA WEEK
  12 – 15 September 2012
  Bredasdorp

VERKIESING VAN RAADSLEDE

NAAM	KONTAK BESONDERHEDE	TERMYN	PLIG
Christo Groenewald President	082 453 2899 cpg@dorwald.co.za	2 jaar	Finansies Nuwe lede & Kantoor
Kobus Beyers Vise-President	083 284 6473 jabuwy@yahoo.com	1 jaar	Nampo & Veeplaas
Cobus Church Raadslid	082 499 5935 cobuschurch@nokwi.co.za	2 jaar	Keurings & Kursusse
Abel Jordaan Raadslid	084 745 3418 jordormers@gmail.com	2 jaar	Veilings & Afgevaardigde na SA Federasie: Kleinvee Telersgenootskappe
Dr Chris Nel Raadslid	083 654 9638 cjbnel@hotmail.com	2 jaar	Joernaal Bylae in Landbouweekblad Alle Media
Johan Swart Raadslid	082 826 0292 kinkodormer@vodamail.co.za	1 jaar	Mega Week Prestasie toetsing Tegniese Komitee
Charl van Rooyen Ere Lewenslange Vise-President	082 575 6370 charl@bonsmara.co.za		PRO & Nuusbrief

SA STAMBOEK VERTEENWOORDIGER

Dr Johan Smit	082 807 7874	dismed@lantic.net

NAMPO

Tydens die Raadsvergadering van 10 Oktober 2011 het die Raadslede besluit dat u as lid die geleentheid kan kry om ons in kennis te stel,indien u sou belangstel om diere na Nampo te neem vanaf 15 – 18 Mei 2012.

Indien u belangstel is dit belangrik dat u diere aan die volgende kriterias moet voldoen:

- Diere moet geskeer wees soos vir 'n Nasionale Veiling.
- Diere moet gekeur word vir 'n standaard van voortreflikheid (soos veilingswaardig)
- Die teler moet bereid wees om die heel week beskikbaar te wees vir diensbeurte.
- Diere moet reeds die 14de Mei daar wees en mag eers die 19de Mei verwyder word.
- Akkomodasie en toegang sal voorsien word.

Dit is ook belangrik dat u moet weet dat u nie u eie stoet gaan skou nie, maar as vertoonvenster van die Dormer Skaaptelersgenootskap van SA is, aangesien Nampo 'n Ras aangeleentheid is.

Mnr Kobus Beyers is verantwoordelik vir Nampo en hy sal dus die finale besluit neem.

Indien u belangstel, kan u die kantoor laat weet voor 15 Desember 2011.

Baie dankie ook aan elkeen wat ons elke jaar met ons uitstallings help dit word hoog op prys gestel.

VEEPLAAS

Ons bied vir volgende jaar weer die geleentheid om u stoet se advertensie in die Veeplaas te plaas. Dit gaan weer op 'n basis van 'n 12de blad advertensie wees waarop u stoet se gegewens adverteer word asook u veilingsdatum. U kan ook 'n foto by u advertensie plaas.

Die advertensie-blad gaan in elke 2de uitgawe verskyn, dus elke 2de maand.

Die kostes beloop R 4500 btw uitgesluit, wat eenmalig by u rekening gevoeg sal word op die 10de Desember 2011. U mag slegs adverteer indien u rekening ten volle betaal is.

Die pakket bied ook voordele vir die ras in terme van, maandelikse insetnuus, radio onderhoude, 'n redaksionele inset, veilings kalender, asook 'n gratis subskribsie aan u as adverteerder vir 'n jaar.

Indien u belang stel om te adverteer laat weet Kobus Beyers by jabuwy@yahoo.com nie later as 5 Desember 2011, met 'n bevestiging van u blokkie asook u inliging vir u advertensie.

Advertensie-aanbod aan DORMER-telers in die veilingsbylaag van VEEPLAAS vir hul produksie veilings

- Albert Loubser; Redakteur: *Veeplaas & Stockfarm*

Die DORMER Telersgenootskap het met *Veeplaas* 'n spesiale aanbod vir telers beding. DORMER-telers kan nou hul produksieveiling in *Veeplaas* se bylaag, Handelspos, adverteer teen 'n spesiale prys en ook die bemarking van hul ras deur die telersgenootskap bevorder.

Veeplaas, 'n vaktydskrif vir die Afrikaanssprekende veeboer, is reeds in sy tweede jaar en 10 000 kopieë word landwyd maandeliks versprei. Stockfarm is die Engelse weergawe van *Veeplaas*, en 5 000 kopieë word maandeliks in Suid-Afrika en in die SADC-lande (Botswana, Zambië, Zimbabwe, ens) en ander Afrikalande (Kenia, Nigerië, ens), versprei. 'n Handelsbylaag, Handelspos/ Trading Post word in beide tydskrifte met elke uitgawe gevoeg. In die bylaag dek ons veilings, terugvoer oor veilings, veilingsverslae, veilingskalenders en advertensies. Daar is ook 'n telersgallery, waar telers hul stoeterye kan adverteer, nuus, advertensies oor landbou-eiendomme en 'n koopgids waar dienste en produkte geadverteer word.

Ons bied nou aan DORMER-telers die geleentheid om hul produksieveilings in die Handelspos te adverteer teen 10% afslag die gewone prys soos per die aangehegte pryslys. 'n Volblad kos dus R 4,975 minus 10% afslag, teler betaal dus R4,478 (BTW uitgesluit).

As deel van die ooreenkoms met die genootskap, kry die genootskap en sy telers nou:

- Gratis terugvoer oor die betrokke veiling in die volgende uitgawe van die tydskrif onder 'n DORMER-hofie.
- Gratis spasie in die tydskrif onder die stoetveekalender waar DORMER-veilings saamgegroepeer word.
- 'n DORMER-dagboek waar belangrike datums van die genootskap gelys word, soos klubvergaderings, kursusse, ens.
- 10% van die bedrag wat die teler spandeer word as 'n krediet op die genootskap se rekening geplaas, wat dan vir gratis advertensies of rasbevordering aangewend kan word. In die geval waar 'n teler 'n volblad advertensie neem, kry die Genootskap R497.50 krediet.
- Elke teler wat 'n advertensie bespreek, kry 'n gratis een-jaar Veeplaas-subskripsie.
- Indien 'n adverteerder nie 'n advertensie het nie, sal sy eerste advertensie gratis opgemaak word.

DORMER-telers kan via die Genootskap aandui dat hulle 'n advertensie wil bespreek. Iemand van Veeplaas sal hulle dan kontak en die bespreking neem. Betaling sal direk geskied tussen die teler en *Veeplaas*, en die Genootskap sal glad nie aanspreeklik gehou word vir enige wanbetaling nie.

Waar 'n Genootskap 'n advertensiepakket uitneem, sal al die besprekings wat telers doen, ook geld vir die pakket. Hoe hoër die pakketbedrag, hoe meer die voordele waarvoor die Genootskap kwalifiseer. Dit sluit voordele in soos dat daar 'n DORMER op die voorblad van Veeplaas geplaas word, artikels oor DORMER-telers, afslag op advertensies vir beide telers en die Genootskap, gratis tydskrifte en subskripsies. Telers sal in hierdie geval dan dieselfde afslag as die Genootskap ontvang.

WEBBLAD

Die webblad is tans gekoppel met dié van Media 24. Dit maak ons webblad meer toeganklik vir baie meer belangstellendes.

Ons is tans besig om 'n nuwe opskrif te skep wat lui "Te Koop". U as Stoet teler het dus die geleentheid om enige Dormer skape wat u te koop het hier te adverteer. Let egter daarop dat dit slegs vir Stoettelers is wie se rekeninge ten volle vereffen is.

Dit kan stoet of kommersiële diere wees, solank u stoetnaam of lidnommer daarby verskyn. Daar sal ook 'n plasingsdatum verskyn en u advertensie sal na 6 weke verwyder word.

BAIE GELUK!!!

- **DOLF BAM** *(Aan de Vallei Kernkudde)* Voermol skaapboer van die jaar *(Wenners)*
- **CHRISTO GROENEWALD** *(Dorwald Boerdery Edms Bpk)* Molatek Skaapboer van die jaar. *(Naaswenner)*

- **ERIKA HANEKOM** *(Rhenosterbosrug)* - Finalis vir SA Stamboek voortreflikheids toekenning
- **DR CARL SCHOLTZ** *(Nova Barletta Boerdery)* - Finalis vir SA Stamboek voortreflikheids toekenning

WELKOM AAN ONS NUWE LEDE

FJW VAN DER BIJL • Tiegerpoort Pretoria
G DU PLESSIS • Petrusburg
WJN LOUW • Bethlehem
FYNGOUD BOERDERY • *(Anton Smit)* Sannieshof
MERTOUN DORMERS • *(Gerrit Henning)* Rhodes
TA NEL • Winburg
HP SMIT • Napier
BF BOTHA • Brandfort
MA MARKS • Vredefort
JCV DORMERS • *(Jakes en Cornel Vermaak)* Ofcolaco
SWEETFONTEIN TRUST • *(Kobus Coetsee)* Ladybrand
J SCHOEMAN • *(Jordaan Schoeman)* Somerset Oos

Andreas Viljoen Design 082 7711 637